IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-03-16

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
[redacted]

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---------------------

VOLUME 367

(Bladsye 21 119 - 21 186)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 16 MAART 1988.

ZODWA LETHINA THOBELA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig. Mevrou, net 'n paar vrae oor die begrafnis van 4 November 1984. Dit is die begrafnis van Douglas Mchunu. Was daar baie mense by hierdie begrafnis -- Ja, regtig.

Duisende? -- Ek sal nie sê nie, maar dit kan wel wees dat daar duisende mense was.

U het vir die hof gesê u het laas die kis gesien by die saal? -- Ja, die kis was in die saal gewees.

Het u die kis daarna weer gesien of nie gesien nie? -- Ja, toe dit uit die saal geneem was op pad met die stoet na die begraafplaas toe.

Het u dit by die saal die laaste keer gesien? -- Nee, ek het die kis gesien. Die kis was nie in 'n voertuig vervoer nie, dit was gedra na die begraafplaas. Dus met die stoet het ek die kis die hele pad gesien.

Was hy op die skouers gedra? -- Ja.

Deur lede van FOSATU? -- Ja.

En was daar draers van COSAS ook? -- Nee, net vakbondled het die kis gedra.

En daar was baie baniere in hierdie optog van COSAS en FOSATU en ander vakbonde? -- Ja.

En daar was baie gesing langs die pad? -- Ja, daar was gesing.

Kan u al die liedere onthou wat gesing was? -- Wat die meeste gesing was, was Senzeni na.

Ander liedere kan u nie onthou nie en ken u nie? -- Die ander liedere het ek vir die eerste keer daar gehoor.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan u hulle nog onthou of nie? -- Van hulle kan ek onthou want dit was kerkliedere gewees. Bo en behalwe dit was Siyaya Epitoli ook daar gesing.

En nog andere liedere wat nie kerkliedere was nie wat u nie kan onthou nie? -- Die ander liedere sal ek onthou as dit gesing word.

HOF : Sing hulle ŉ bietjie, mnr. Fick.

MNR. FICK : Ek sal die liewers nie waag nie. -- As hy hulle miskien kan sing, ja.

Nee, u sal lank wag voor ek hulle sing. In die stoet, hoe ver van die kis af het ek gestap? -- ŉ Entjie voor, anderkant hierdie muur sal ek sê.

HOF : So ongeveer tien meter? -- Ek kan nie sê of dit veertien meter was nie, maar ek skat dit vanwaar ek nou sit in die getuiebank na net buite daardie muur.

Dit word gestel op tien meter.

MNR. FICK : Is dit so dat hierdie kis het ŉ lap oor hom gehad? -- Ek het nie die lap gesien nie.

Wat beteken dit nou? Was daar nie ŉ lap nie of het u nie opgelet nie? -- Ek sê daar was geen lap op die kis gewees nie.

Ek stel dit aan u daar was ŉ swart, groen en geel lap wat oor die kis gehang het? -- Ek, die persoon wat daar teenwoordig was, het nie daardie lap gesien nie.

Het u polisie die dag gesien met die begrafnis van Douglas? -- Nee, ek het nie die polisie gesien nie.

Verstaan ek u dan reg, die polisie het nooit gedurende die begrafnis of na die begrafnis daar gekom en traanrook geskiet onder die mense nie? -- Tydens die stoet na die begraafplaas toe, het ek nie die polisie gesien nie. Ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het eers gehoor van die polisie se teenwoordigheid na die begrafnis terwyl ons op pad was huis toe.

Praat ons nou van die begrafnis van 4 November 1984 van Douglas? -- Ja.

Nou wil ek nie hoor wat u gehoor het nie, maar wat u self gesien het. Het u gesien dat die polisie enigiets doen aan die begrafnisgangers? -- Ek sal nie sê dat ek iets gesien het wat die polisie gedoen het nie. Die rede daarvoor is dat op pad terug vanaf die begraafplaas, by die hek van die begraafplaas het ek in 'n voertuig geklim wat toe gery het. Met ander woorde, die voertuie het voor gery vroeër en die voetgangers het later ook aangekom. Ons was op pad na Mchunu se huis toe. Dus kon ek nie sien wat agter my gebeur het nie.

Was dit ook so dat u by Mchunu se huis gaan hande was het en gaan eet het na die begraafplaas? -- Ja.

En die polisie het ook nie daar gekom en daar kom moeilikheid maak toe u daar was nie? -- Ons het kos gekry, dit geëet en na ons geëet het, het ons toe huis toe gegaan met dieselfde voertuig. Toe ek daar weg is saam met die mense wat saam met my weggegaan het, was die polisie nog nie daar nie.

Wanneer is u weg met betrekking tot die gebeure by die huis? Was u van die eerstes wat geloop het, het u so in die middel van die klomp geloop of was u een van die laastes wat gegaan het? -- Ek is een van dié wat eerste daar weg is.

Ek wil dan met u gaan na die voorval by u huis waar u huis beskadig is en waarin u twee dogters gesterf het.

<u>HOF</u> : Het ons 'n datum?

<u>MNR. FICK</u> : Ek sal dit nou vasstel. Ons het sover nog nie 'n datum nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Ons het 'n datum. 8 Februarie of 8 Mei, so iets.

MNR. FICK : Is dit reg, die voorval het plaasgevind gedurend die nag van 8/9 Mei 1985? -- Ja.

U kan nie 'n aanduiding gee hoe laat die nag het dit plaasgevind wat die huis begin brand het nie? -- My skatting was dit was om en by 01h00 of miskien 01h05.

HOF : Was u tuis? -- Ja, ek was.

MNR. FICK : U en u man met die naam van Joseph en die twee dogters wat dood is asook twee ander kinders was in die huis? -- Ja, dit is so.

En die twee oorledenes het in die kamer geslaap wat na die pad se kant toe wys. Is dit reg? -- Nee.

Was hulle kamer weg van die pad af? -- Ja, in hierdie sin. Dit is eers my slaapkamer wat na die straat se kant toe is en dan kry jy die twee dogters se kamer. Dit is nie aan die straat se kant nie.

Is dit so, u het 'n verklaring aan die polisie gemaak in verband met die gebeure? -- 'n Verklaring van my was eers na vyf maande geneem.

U het vir die hof ook gesê u was in die hospitaal gewees Hoe lank was u in die hospitaal? -- Ek is daardie oggend opgeneem in die hospitaal en weer teruggekeer huis toe om 14h00 van dieselfde dag.

HOF : Die hospitaal toe ganery, het dit iets te doen met die aanval op u huis of iets anders? -- Ek was beseer tydens die aanval, of as gevolg van die voorval wat daar plaasgevind het.

MNR. FICK : Is dit ook so dat nòg u nòg u man nòg enigiemand anders wat in die huis was, kon vir die polisie enige aanduiding gee van wie moontlik verantwoordelik was vir hierdie

aanval/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aanval? -- My man was aan die slaap gewees. Eintlik was al die mense aan die slaap. Daar is net een persoon wat getuig het wat sê dat die persoon het 'n Kombi gesien wat voor 'n persoon was.

Is dit ook so dat u self het in die verklaring gesê al wat u weet is, u het êrens in die nag gehoor daar ry 'n voertuig by u huis verby en u wou die vuurhoutjies vat om te kyk wat aangaan en die volgende oomblik breek die ruit en die huis brand? -- Die voertuig het nie teen 'n hoë spoed daar verbygery nie. Dit het nie 'n groot geraas gemaak nie. My kamer is aan die straat se kant. Ek was aan die slaap gewees. Dit was as gevolg van die ry van 'n voertuig wat ek wakker geword het en ek was toe besig om na die vuurhoutjies te vat, toe ek die slag gehoor het.

Die polisie was dieselfde nag, die adjudant-offisier, nog op die toneel daar by u huis? Is dit reg? -- Ek hoor so, ja. Dit is na ek weg was na die hospitaal toe. Toe het ek gehoor dat adjudant-offisier Sibaca by my huis aangekom het waar hy vir my man gevra het hoe laat dit was toe hierdie voorval plaasgevind het.

Net laastens in verband met hierdie voorval. Daar was 'n geregtelike doodsondersoek gehou waar u teenwoordig was en daar is bevind dat die oorledenes se dood is veroorsaak deur die hande van onbekende persone. Daar kon nie bepaal word wie die mense is nie? -- Ek hoor dat u vir my dit sê.

Het u nie by die geregtelike doodsondersoek gehoor dit is die bevinding van die landdros nie? -- Ek was teenwoordig gewees. Toe ons die tweede keer daar was, het die landdros gesê dat hy die verklarings nou gaan stuur na die prokureur-generaal toe. Die verklarings het hy in 'n koevert gesit.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek het eers van die prokureurs gehoor dat dit die bevinding was van die landdros dat hy sê daar is niemand wat hy kan sê is verantwoordelik vir die voorval nie.

In verband met die begrafnis van Patricia, u dogter, op 18 Mei 1985. U sê vir die hof dat COSAS het die voorbereidings getref? -- Ek sê dat COSAS gemoeid was met die voorbereidings. Hulle het my ingelig sowel as my seun van die voorbereidings.

Is dit nou die man wat u gister van gepraat het, Willie Mazibuko? Was hy in beheer van die voorbereidings? -- Hy was ook betrokke.

U sê verder vir die hof dat die gemeenskapsaal is vir u gegee om te gebruik vir die begrafnis. Is dit reg dat die raad het die saal goedgunstiglik aan u beskikbaar gestel vir die begrafnis? -- Ja, my seun het die administrasieraad genader om te gaan vra vir die gebruik van die saal. Hy is toe toestemming verleen.

En is dit ook reg dat daar by hierdie begrafnis was daar gereël vir 'n aantal sprekers wat sou praat? -- Ja, daar was sprekers gewees by hierdie begrafnis.

En dit was sprekers van COSAS en verskillende vakbonde? -- Ja, laat ek dit vir u so stel. Die predikante het eers iets te sê gehad. Na die predikante gepraat het, was dit COSAS en na COSAS was dit vakbonde se sprekers.

En daar was gesing ook in die saal ander liedere as kerkliedere. Is dit reg? -- Ja, daar was ander liedere gewees.

Ken u hulle name? -- Die name wat ek nou net genoem het is gesing. Wat die meeste gesing was by die huis die nag selfs by die saal is Senzeni na.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar die ander liedere wat nou nie kerkliedere is nie, ken u hulle name? Net ja of nee? -- Ek ken nie die name nie. Ek ken net die liedere as dit gesing word terwyl ek daarna luister.

Was daar gesing van Mandela en Tambo en dié mense? -- Ek ken nie sulke liedere nie. Ek het nie sulke liedere gehoor nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Osborne Dlamini? -- Ja, ek ken hom, want hy het daar by my kinders gekom.

Was hy ook 'n lid van COSAS? -- Ja.

U het getuig in verband met hierdie T-hempies wat die mense op die begrafnis aangehad het waarop geskryf was "Hamba Kahle Comrade Sonto"? -- Ja, selfs op die banier was dit so geskryf.

Is dit reg dat hierdie Osborne Dlamini gereël het vir hierdie T-hempies met hierdie bewoording? -- Nee, dit weet ek nie. Dit is dinge wat hulle daar alleen gereël het en nie by die huis nie.

Maar u het gister vir die hof gesê toe u getuienis gegee het dat die reëlings is getref deur hierdie manne van COSAS en hulle het na u toe gekom en u moes alles bevestig of u tevrede is? -- Wat die kos en vervoer betref, ja, maar nie aangaande die T-hemde en die banier nie. Dit het ek eers gesien toe hulle die oorledene se lyk kom haal het.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Was dit met u gereël dat hulle die lyk sou kom haal? -- Dit is die prosedure met die swartmense. 'n Medewerker byvoorbeeld, as hy dood is sal die ander werkers daardie persoon van sy huis af gaan haal. So dieselfde geld vir die skoolkinders. As die kind dood is moet hulle by die kind se huis gaan aandoen en saam met die lyk daarvandaan

vertrek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vertrek.

MNR. FICK :

Ons sal nou vasstel wie die hulle is, maar sê eers vir my, waarheen het hulle die lyk geneem? -- Uit die huis uit is die lyk in die lykswa geplaas. Hulle is toe saam met die lyk na die saal toe.

En die hulle, is dit die mense van COSAS? -- COSAS en die vakbondmense het daar bymekaar gekom om die oorledene se lyk uit te neem.

Watter vakbonde? -- Al die vakbonde wat takke het in my buurt, FOSATU en andere.

Was dit ook gereël dat die vakbonde sou saamkom om die lyk te kom verwyder? -- Dit is die normale voorbereidings wat gedoen word deur die swartmense.

Maar dit is nie vir my so normaal nie, want dit is ŉ skoolkind hierdie. Wat het die vakbond uit te waai daarmee? -- Die ouers van die oorledene is lede van die vakbonde. As gevolg daarvan sal die vakbonde ook teenwoordig wees.

Is dit nie so nie dat u het navraag gedoen toe u nou hierdie klomp T-hemde sien met die bewoording, waar kom dit vandaan en toe is daar gesê hierdie goed kom van UDF af, hierdie Osborne Dlamini het vir u gesê hy het dit gaan haal by UDF in Johannesburg? -- In die eerste plek was ek nie verbaas om hierdie T-hemde te sien nie. Dit is ŉ normale prosedure wat gevolg word dat as ŉ persoon wat op die bestuur was van enige organisasie oorlede is, dan word daar T-hempies gemaak wat te doene het met die dood van daardie persoon. So, dit was nie ŉ nuwe ding vir my gewees nie. Ek weet nie daarvan nie. Ek het dus nooit gevra daaromtrent nie.

Is dit ŉ normale ding dat die organisasie waaraan die oorledene behoort die goed maak en betaal daarvoor? --

Ek /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek weet nie, want ek het nog nooit daarvoor betaal nie en selfs met die kinders se T-hemde by die begrafnis. Ek weet nie of hulle dit laat maak en verkoop of wat die posisie is nie, maar ek gaan na die begrafnisse toe en sien dit.

U as die moeder van die oorledene het voor in die stoet beweeg, is dit reg, na die begraafplaas toe? -- Ja, die oorledene se kis was gedra gewees. Onmiddellik die persone wat die kis gedra het, was ons in 'n voertuig gewees.

As u sê ons, is dit u en u man en die res van die familie -- Ja, ek praat van die familie.

En daar was derduisende mense by die begrafnis. Is dit reg? -- Ek kon nie sien of daar duisende mense was nie, want die prosedure is as die dood met jou direk te doene het, dan kan jy nie rondkyk nie, al is dit by die begrafnis. Jy kyk net daar waar jy loop voor jou. Ek kon dus nie die mense getel het nie. Ek kon hoor dat daar baie mense was, maar ek het hulle nie gesien nie.

En u was ook natuurlik by die graf, teen die graf, dit is daar waar u posisie ingeneem het? -- Ja, ons het daar gesit langs die graf.

En toe julle in die voertuig gery het na die begraafplaas toe, het julle die vensters toegedraai vir die stof? -- Nee, dit was warm gewees. Ek kan nie onthou dat ons die vensters toegedraai gehad het nie.

Kan u sê of daar enige mense langs die motor geloop het of het u dit nie opgelet nie? -- Aan beide kante van die voertuig was daar mense gewees wat te voet gestap het. Dit wil sê die voertuig was tussen die voetgangers.

Is dit dan so, behalwe dat u sê dat dit die gewoonte is dat u net voor u kyk by die begrafnis, kon u in elk

geval/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geval nie sien as gevolg van die mense om die voertuig wat agter in die stoet aangaan nie, al wou u kyk? -- Al het ek miskien nou probeer om agter toe te kyk, was daar baie voertu en mense wat agter ons aangekom het. Ek sou niks gesien het nie.

En u sou ook nie gesien het as daar mense weggebreek het van hierdie begrafnis toe julle daar na die graf toe gegaan het nie? -- Regtig, ja, ek sou dit nie gesien het nie.

By die begrafnis, by die graf is dit nou klaar en u gaan uit die begraafplaas uit. Was u een van die eerstes wat uitgegaan het of het u as die familie tot laaste gebly? -- Volgens ons gewoonte is die familie die eerste persone om die begraafplaas te verlaat.

U sê vir die hof u het op 'n stadium na u by die graf weg is traanrook geruik? -- Ja, dit is so.

Kon u self met u eie oë sien waar kom hierdie traanrook vandaan? -- Ek het die traangas bespeur as gevolg van die wind wat in my rigting gewaai het. Dit wil sê die reuk het met die wind wat gewaai het na my kant toe gewaai.

HOF : Is die antwoord dan u kon nie die oorsprong daarvan bepaal nie? -- Ek kon nie sien wat die oorsprong van hierdie traangas nie, want die begraafplaas se oppervlakte daar is heelwat laer. Dit is so laag dat jy nie iets kan sien onder die bultjie waar jy is nie.

MNR. FICK : Dit is toe hierdie traanrook geruik is dat hierdie mense begin uitmekaar hardloop het. Party na u huis toe en party na hulle eie huis toe? -- Ja, dit is wat gebeur het, want 'n verslag was aan my gedoen deur ander dat hulle nie in staat was om na my huis toe te kom nie. Hulle moes padgee vir die traangas.

Op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op hierdie betrokke dag van die begrafnis, wanneer die eerste keer het u 'n polisieman opgemerk daar in Duduza? Indien ooit? -- Bedoel u hierdie dag van die begrafnis?

Die dag van die begrafnis, het u ooit daardie dag polisi gesien? -- Na ons teruggekom het van die begraafplaas af het ek eers vir die eerste keer gesien dat die "army" mense die omgewing daar, dit wil sê die onmiddellike omgewing van my patrolleer het. Hulle het om die blok gery. Die oggend sal ek nie sê dat ek enige polisie gesien het nie, want ek was in die kamer gewees.

Toe u die mense gesien het wat u sê die weermag is, was dit by u huis? -- Buite op die perseel waar ek met mense gestaan en praat het langs die huis.

Toe u die patrollie gesien het, was dit nou nadat die mense klaar by u huis geëet het en weg is of wanneer was dit? -- Nee, dit was terwyl die mense nog besig was om te eet

En u het net, soos u sê, die weermag gesien patrolleer. Dit is al wat hulle gedoen het? -- Ja, die weermag het daar gepatrolleer.

Is dit al wat hulle gedoen het? -- 'n Rubberkoeël is deur hulle gegooi daar. Ek was net in die deur gewees om uit te kom. Dit is gegooi en teen die muur van die garage het die geskram, maar die deur van die garage was oop gewees. Dit wil sê toe die rubberkoeël teen die muur geraak het wat gegooi is.

Laat ek net vasstel. Het u gesien wie skiet hierdie rubberkoeël? -- Ek sal nie in staat wees om die persoon uit te wys nie, want hulle was baie. Hulle het gestaan op die voertuig van hulle.

Ja, maar wat ek bedoel is, kan u vir die hof sê u het

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien fisies met u oë die rubberkoeël kom van daardie voertuig af van die weermag of kan u dit nie sê nie? -- Ja, ek het gesien. Dit het van hulle af gekom.

Was dit al wat hulle geskiet het, die een rubberkoeël? -- Dit is net dit.

Die mense wat nou daar by u was, het hulle daar rustig gesit en geëet en party het gestaan en wag vir hulle kos. Alles rustig stil? -- Ja, dit was regtig stil.

En toe die een skoot met die rubberkoeël geskiet is, wat het van hierdie weermagvoertuig geword? Het hy gebly of het hy gery? -- Hy het verder aangery met die straat en die hele blok daar gepatrolleer.

Het hy weer teruggkom na u huis toe? -- Dit het altyd daar gepatrolleer. Dit wil sê die blok van ons gepatrolleer. Jy kon hierdie voertuig gesien het van verskillende punte af. Byvoorbeeld aan die agterkant of aan die kant kon jy die voertuig sien dat dit nou daar beweeg.

Toe hierdie een enkele rubberkoeël afgevuur is by u huis, wat het hierdie klomp mense gedoen? Het hulle weggehol of het hulle daar gebly? -- Die mense het weggehardloop. Van hulle het in die huis gehardloop en van hulle het na die bure se huise gegaan waar hulle klaar gaan eet het.

En dit was die einde van die byeenkoms by u huis nadat daardie skoot afgevuur is met die rubberkoeël? -- Regtig.

Soos u gesien het was daar enige rede vir hierdie weerma om hierdie skoot te skiet met die rubberkoeël? -- Volgens my siening was daar nie 'n rede gewees nie.

Ek wil dit aan u stel dat u getuienis oor wat daar gebeur het by die huis is vals? -- Dit is goed as u dit so stel dat dit vals is, maar ek het 'n eed geneem om te getuig

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier in die getuiebank en ek was teenwoordig daar by my huis.

Want in u hoofgetuienis het u 'n ander weergawe vir die hof gegee van wat daar by die huis gebeur het. Toe het u vir die hof te vertel gehad hulle het traanrook ook gegooi en dit het die mense laat hardloop? -- Nee, die reuk van traangas was in die hele lokasie daar. Ek tel dit nie eers nie, want die hele lokasie het na traangas geruik.

Nee, in u hoofgetuienis was u gevra wat het gebeur, het iemand ge"interfere"? Toe sê u "Yes, there was some disturbance whilst we were already at home." Toe word u gevra "What?" en toe sê u "Teargas and a rubber bullet were thrown to my house." Toe stel u dit reg, toe sê u dit was geskiet? -- Dit was u vraag wat my mislei het dat ek nie gepraat het van die traangas nie. U vraag was het het gebeur nog en ek het toe geantwoord op dit wat nog gebeur het, maar as u my in die algemeen gevra het wat alles daar gebeur het, dan sou ek vir u gesê het van die traangas ook.

Nee, ek het vir u gevra is dit al wat daar geskiet was net die rubberkoeël, toe sê u ja, net die een skoot en dit het gemaak dat die mense hardloop? -- Nee, aan die begin het u vir my gevra of ek daardie polisievoertuig daar gesien het. Dit was na aanleiding van daardie vraag dat ek melding gemaak het van die rubberkoeël.

Ek wil nie met u verder stry daaroor nie. Die rekord kan vir homself spreek. Ek wil vir u vra, is dit nie so dat hierdie 18de Mei, die dag van die begrafnis, was daar chaos in hierdie woonbuurt Duduza nie? -- Ek sal dit nie kan betwis nie. Ek was in my huis gewees en daar gewag oor dit wat gebeur het. Ek kon nie sien wat buite gebeur nie.

Het u nêrens gesien daar trek rook van huise en voertuie

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en goed wat brand en u het mense in die strate gesien klippe gooi en die tipe van ding nie? -- By hierdie blok waar ek woon het ek dit nie gesien nie.

Weet u waar bly sersant V. Mokoalaba? -- Ja, ek weet. Hy is 'n blok verder aan die bokant vanwaar ek bly.

Ek stel aan u sy huis is die dag van die 18de aangeval en het die mense dit met klippe gegooi en die huis aan die brand gesteek? -- Ek hoor dat u so sê, maar ek het dit nie gesien nie.

Het u dit nooit gesien self nie? -- Ekself het dit nie gesien nie. Ek het net daarvan gehoor, net soos u nou dit vir my sê.

Daar was 'n raadslid met die naam van Stephen Namane. Ken u hom? -- Ja, ek ken hom.

Weet u waar hy bly? -- Ja, ek weet, heel onder daar naby die hoofpad van die toegang in die lokasie in.

Weet u waar bly sersant M.J. Msibi? -- Ja, ek weet waar hy bly. Hy bly baie ver van my af, heel bo, ver.

Dit is nou waar hy gebly het in 1985, nè? -- Ja.

Het u geweet waar het sersant J. Nkunene gebly? -- Ja, ek ken hulle want hulle is mense wat saam met my bly in die lokasie. Hy bly daar onder, heel ver van my af.

Weet u waar bly konstabel M. Zibi? -- Nee, daardie een ken ek nie.

Weet u waar is die gewese raadslid Stephen Namane se winkel? -- Ja, heelwat ver van my af vanaf die rigting van Springs. As 'n mens in die lokasie inkom in die rigting van Springs, kry jy daardie winkel.

Ek wil aan u stel dat u niks weet van wat op 18 Mei plaasgevind het, die geweld daar in Duduza, is vals? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, maar ek sê nie ek hoor vir die eerste keer daarvan nie. Ek sê ek self het dit nie gesien nie. Ek het wel daarvan gehoor, maar ek het dit nie persoonlik gesien nie.

Maar ek stel aan u, die feit dat u sê u het dit self nie gesien brand daar in Duduza op 18 Mei net na hierdie begrafnis van u dogter nie, is vals? -- Ek sê, want ek het dit nie gesien nie, die plekke wat gebrand het is ver van my huis af. Ek het selfs nie die rook gesien nie. Dit is hoekom ek sê dat ek nie daarvan weet nie.

Ek stel dit aan u daar is ten minste veertien huise en ŉ besigheid afgebrand na die begrafnis van u dogter? -- Ja, ek hoor u stel dit so aan my. Dit is reg, ek het ook so gehoor dat dit wel so gebrand het.

En is dit reg, u het ook gehoor baie van hulle is polisiemanne se huise? -- Ja.

Is dit nie so dat daar by julle in julle gesin is daar ŉ gevoel dat die polisie iets te doen het met die dood van die dogters nie? Dit lê daar rond en julle beskuldig die polisie? -- Sonder om namens die ander mense, die ander familielede te antwoord, sê ek, ek as ouer van die kinders, weet nie wie is daarvoor te blameer nie, want ek het nie gesien wat het daar gebeur nie.

Maar is dit nie so nie, veral u man, hy loop met die idee rond dit is die polisie wat iets te doen het met die dood van die dogters? -- As hy miskien gevra word, sal hy dalk in staat wees om dit te kan antwoord.

Nee, ek dink nie u is eerlik nie. U is met hom getroud. Het hy nooit vir u so iets gesê toe u met hom gepraat het nie? -- Ek is met hom getroud, ja, maar ek het dit nog nooit gehoor nie. Daardie vraag is ŉ gepaste vraag vir hom, dat

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy kan antwoord waar hy loop en praat daarvan.

Nee, het julle dit nog nooit bespreek onder julle wie is verantwoordelik, hoekom het dit gebeur en wat het gebeur nie? -- Ons bespreek dit, tot vandag toe. Ons vra nog selfs vir mekaar wat kon gebeur het.

Nou vra ek u, het u by hom gehoor dat hy sê hy dink, hy het 'n vermoede, hy kan dit nie bewys nie, maar hy het 'n vermoede die polisie het iets te doen met die ding? -- Dat hy dit mondelings gesê het, neem, maar ek sal u sê, iets is baie snaaks vir my ook, want die polisie is die eerste mense wat altyd by 'n toneel kom as 'n voertuig miskien 'n persoon gestamp het, maar in hierdie geval het hulle nog nooit daar gekom om te kom vasstel of enigiets gedoen aangaande hierdie voorval nie.

U praat mos nou nie die waarheid nie. U weerspreek nou self wat u netnou gesê het. U het netnou gesê u weet adjudant-offisier Sibaca was daardie selfde aand by u huis, u het dit gehoor, daar in Duduza? -- Sibaca het geen ondersoek daar gedoen nie. Sibaca het net daar gekom en gevra hoe laat dit was van my man, naamlik Joe, hoe laat was dit gewees. Hy het 'n papier uitgehaal en die tyd neergeskryf en gesê "Ek sal later terugkom om 'n verklaring te neem." Hy het nooit teruggekom nie.

Maar jou man het 'n verklaring gemaak? -- By die werk. Hulle het na hom toe gegaan by die werk.

HOF : Wanneer? -- Dit was na 'n paar weke, ek skat ongeveer na drie weke het hulle eers na hom toe gegaan by sy werksplek

Maak dit nou saak of die verklaring by sy werk afgelê word of by sy huis afgelê word? -- Wat my betref het ek verwag dat hulle in daardie donkerte na my huis toe sou

gekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gekom het, waar die voorval nog vars plaasgevind het, sodat hulle ondersoek kan instel om te kan vasstel wat eintlik gebeur het, want dit het nie by die werk plaasgevind nie.

Ek wil nie met u begin argumenteer nie, want u het u bewussyn verloor, maar is dit nie so nie dat Sibaca was daar, ander polisie was daar, hulle het die liggaam verwyder van die een dogter, hulle het die ander dogter en u hospitaal toe gevat, hulle het 'n stuk van 'n petrolbom daar gekry wat hulle op beslag gelê het, wat hulle gevat het? -- Ek het nie my bewussyn verloor nie en dit is ook nie die polisie wat my vervoer het nie. Ek was vervoer deur my buurman se kind saam met my kind na die hospitaal toe. Sibaca was alleen toe hy daar gekom het.

Het u nooit u bewussyn daardie aand verloor nie? -- Nee dit is net my hand wat beseer was.

Ek wil dit nie inhandig nie, ek wil dit net aan die getuie toon en vir haar 'n paar vrae vra. Hier is 'n afskrif, maar dit is oorspronklik geteken en beëdig. Is dit u verklaring? Die oorspronklike was by die geregtelike doodsondersoek ingehandig, u edele. Is dit u verklaring? -- Ja, dit is die papier wat ek by die fabriek geteken het toe hulle daar na my toe gekom het.

Hy is beëdig. Is dit reg? -- Nee.

Is dit teruggelees aan u? -- Nee, hulle het by my by die werk gekom en gesê dat hulle 'n verklaring kom soek. Dit was by die fabriek.

Ek wil net aan u paragraaf 5 lees en hoor wat sê u daarva of u dit gesê het. "Ek het toe weer die huis binnegegaan. Ek het Eva buite gelos." Dit is die een dogter. Is dit reg? -- Nee, ek het deur die venster geklim na buite toe

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en die kombuisdeur gaan breek en toegang gekry tot die huis om na Eva te gaan soek in die kamer waar hulle geslaap het.

Ek wil nou nie 'n hele ding maak van die ding nie, maar dit klink my ek is verplig ... Is dit reg u het gesê om 20h30 op 8 Mei 1985 het u en u familie gaan slaap? -- Ja, dit is so.

"Dit was ek en my man sowel as my vier kinders"? -- Ja.

"Hulle was Patricia en Eva wat onderskeidelik 21 en 19 jaar oud was"? -- Ja, dit is so.

"Die ander twee kinders was minderjarig." Is dit reg? -- Ja.

"Ek en my man het in die voorste kamer van die huis geslaap. Eva en Patricia het in die kamer langs ons kamer geslaap"? -- Ja, dit is so.

"Ons kamer wys in die rigting van die pad terwyl die twee oorledenes se kamer aan die kant van die huis is"?-- Ja, dit is so.

"Toe ons gaan slaap het was alles in orde in die huis"? -- Dit is so.

"Op 9 Mei 1985 ongeveer 01h00 het ek 'n voertuig voor die huis in die straat gehoor"? -- Dit is so.

"Ek het die vuurhoutjies gevat en wou die kers opsteek"? -- Ja.

"Op daardie oomblik het die kamervenster gebreek, so ook die venster van die sitkamer en die venster van die eetkamer"? -- Ja.

"Alles het toe in die huis begin brand"? -- Ja.

"Ek het toe die venster wat aan die kant van die huis is gebreek en daardeur na buite geklim"? -- Ja.

"Ek het toe na die agterste deur gegaan, dit oopgebreek

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en die huis binnegegaan"? -- Ja, dit is so.

"Ek het toe drie van my kinders in die huis gekry"? -- Ja, dit is so.

"Dit was Eva en die twee kleintjies"? -- Ja.

"Ek het nie vir Patricia gesien nie"? -- Nee, ek het haar nie gesien nie.

"Ek het vir Eva uit die huis getrek na buite toe. Sy het gebrand"? -- Ja, sy was alreeds gebrand.

"Die twee kleintjies het niks gebrand nie"? -- Nee.

Is dit wat u gesê het? Is dit reg? -- Ja.

"Ek het toe weer die huis binnegegaan? -- Ja, ek het.

"Ek het Eva buite gelos"? -- Ja.

"Ek het vir Patricia by die voordeur van die huis aangetref." Ek dink dit is die voordeur? -- Nee, ek het haar nie daar gevind nie. Haar pa het haar daar gekry.

"Sy was aan die brand en was omring deur vlamme"? -- Ja, dit is so.

"Ek het my bewussyn verloor"? -- Ek het nooit my bewussyn verloor nie. Wie ook al dit geskryf het, het dit namens my geskryf.

"Toe ek weer bykom was ek en Eva in die hospitaal te Springs. Ek weet nie wie vir my en Eva na die hospitaal vervoer het nie"? -- Nee, ek is die persoon wat die vervoer gevra het van my buurman se kind.

Elke bladsy van hierdie verklaring is deur u geparafeer? Is dit reg? U handtekening is daar op? -- Die gedeelte wat sê dat ek my bewussyn verloor het, was nie in daardie verklaring gewees toe ek geteken het nie.

HOF : Kan ons net hoor, het u elke bladsy geparafeer? -- Net op een vel papier staan my naam op wat ek geskryf het.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Wie het hierdie ander handtekeninge almal gemaak wat ek u netnou oor gevra het onderaan elke bladsy? -- Net een papier het my naam opgehad. Ek het gepraat terwyl hulle skryf. Hulle het dit vir my gegee om te lees. Ek het dit gelees. Daardie gedeelte dat ek my bewussyn verloor het, was nie daar gewees nie en ek het dit ook nie gesê nie.

HOF : Waar is daardie verklaring? Kan dit net aan die getuie getoon word. Is daar onder aan elke bladsy 'n handtekening? Kyk tog net asseblief daarna? -- Ja, my naam is daar onder.

Het u dit daar geskryf? -- Ek is die persoon wat daar onder geteken het, maar wat daar bevat word is wat ek gesê het, maar die ander gedeelte het ek nie gesê nie.

Nee, dit het u al twee keer gesê. Kyk na elke bladsy. Het u elke bladsy onderteken? Dit is eintlik wat die vraag oor gaan? -- Ja.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ZODWA LETHINA THOBELA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, ek wil net een stelling aan u maak, dit is in verband met die verklaring. U getuienis dat hierdie stuk waar dit gesê word dat u u bewussyn verloor het en u weet nie hoe u by die hospitaal gekom het nie en dat dit nie in die verklaring was toe u dit geteken het nie, wil ek aan u stel is vals? -- Ek sê dit is die waarheid. As iemand dit in twyfel trek kan ons na die hospitaal gaan. Die dokter wat my gesien het sal dan beter kan sê wat my toestand was.

Is dit nie so dat daar is ook dieselfde aand gereël met die brandweer wat die brand kom blus het by u huis nie? -- Volgens wat ek gehoor het, het die brandweervoertuig daar aangekom, maar dit het nie water gehad nie. Dus moes

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle teruggery het om water te gaan kry. Met die terugkoms die tweede keer was die vuur alreeds deur my bure daar geblus

Ek wil met u oorgaan na 'n ander aspek. U edele, ek weet nie of die hof enigsins die verklaring wil hê nie.

HOF : Nee, ek wil nie die verklaring hê nie.

MR BIZOS : The court wants to hear that. It is actually dated 4 September 1985,

COURT : I will make a note of that.

MNR. FICK : Dit is korrek. U het in u hoofgetuienis getuig dat die tyd toe hierdie student parent komitee gestig is het dit gebeur dat van die kinders weggebly het van die skole en dan was hulle, soos u dit gestel het "involved in some rioting." Ek wil u meer daaroor uitvra. -- Ek het nie daarvan gepraat dat die kinders betrokke was by die onluste nie. Ek het gesê die kinders het dit nou herhaalde kere gedoen dat hulle weggebly het van die skool af.

Was dit nie u woorde in u hoofgetuienis nie wat ek vir u aanhaal? Die vraag was "Were your children at school with the formation of the committee?" Toe sê u "The children stayed away from school - involved in some rioting" en dit is waarom die student parent komitee gestig is? -- Nee, ek het dit nie so gesê nie. Wat ek gesê het was dat die kinders met 'n wegbly-aksie vir twee weke weg was vanaf die skool. Toe hulle teruggekeer het na die skool toe na die twee weke, het hulle wel na die skool toe gegaan, maar weggebly van die klaskamers af. Ek het daarvan gepraat dat hulle toe betrokke geraak het in die onluste nie.

U edele, die getuienis is net nadat die getuie gesê het wanneer die komitee ontstaan het, naamlik 3 November 1984

HOF : Watter dag is die getuienis gelewer?

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Ek sal net seker maak. Dit is die 15de, gister.

MR BIZOS : According to our notes Mr Fick is correct.

COURT : I have got the same note.

MNR. FICK : Dan vra ek u nou weer, wat het u daarby bedoel dat die kinders het weggebly van die skool af en dan raak hulle betrokke in "riots" op... onluste? -- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Ek stel aan u u ontkenning is vals en dit is so, die kinders was betrokke in onluste, as hulle wegbly vanaf die skole? -- As ek sê nee, ek het dit nie gesê nie, bedoel ek dat ek nie gesê het dat die kinders betrokke was met die onluste in die lokasie nie. Ek het wel gesê dat hulle daarby betrokke was by die skool op die perseel van die skool. Dit is waarvan ek gepraat het.

HOF : Was daar dan onluste op die perseel van die skool? -- Die - as die kinders nou wegbly van die klaskamers af, beskry ek dit as onluste, omdat hulle nie by die klaskamers wil ingaan nie, dan sit hulle net daar buite.

U meen as hulle daar onder die bome sit en stilsit of praat of so iets doen, dan is dit onluste? -- Ja, volgens my is dit onluste in die sin dat hulle nie doen wat hulle veronderstel is om te doen by die skool nie. Hulle het weggebly van die klaskamers en hulle is besig om iets anders aan te vang. Daar is van hulle wat sing, daar is van hulle wat speel. Nou ja, dit is my beskrywing van wat daar plaasge vind het.

MNR. FICK : Ek stel aan u, u gee hierdie onsinnige verduideliking omdat u besig is om leuens te praat? -- Ek praat van wat gebeur het in die lokasie waar ek bly. Ek het die eed geneem hier.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit reg, kan u daaroor getuig dat daar van Oktober 1984 was daar sporadiese aanvalle in Duduza op raadsgeboue van die administrasieraad, van die gemeenskapsraad, biersale, bierdepots, raadslede se huise, besighede, polisiemanne se huise? -- In 1984?

Einde 1984 tot hier by Juliemaand 1985? -- Ek sal dit nie ontken nie, behalwe wat die administrasiekantore betref. Die biersale het ons gesien, ja, as ons op pad werk toe is dat die biersale stukkend was.

En hierdie sporadiese aanvalle het kort-kort voorgekom in Duduza? -- Ek kan sê, ja, al het ons dit nie gesien nie, want alles het gebeur terwyl ons by die werk was. Ons het net die aand met die terugkoms vanaf die werk gehoor daarvan dat dit gebeur het.

Is dit so dat daar het raadslede bedank in Duduza? Van Februarie 1985 af het die raadslede begin bedank? -- Ek weet nie wanneer dit was nie, maar ek het die berig in die koerant gelees, die Sowetan dat daar melding gemaak word van twee van die raadslede.

Is dit nie so nie dat gedurende 1985 op 'n stadium het julle toe glad nie meer 'n gemeenskapsraad gehad nie, almal
K1243 het bedank? -- Ek sal nie daarvan weet nie, want daar was geen rede vir ons gewees om bymekaar met hulle te kom by die administrasiekantore om dit te kan vasstel of hulle nog daar was of nie.

Het u in 1985 die 16 Junie herdenkingsdienste bygewoon in Duduza? -- Nee, ek het nie gegaan nie, want my tweede dogter is net die volgende dag, die dag daarna oorlede. Daardie dag was ek by die hospitaal waar ek haar besoek het te Baragwanath.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het?

Waar u hulle kon sien deur u venster? -- Die mense het alreeds weggehardloop, maar indien dit gebeur het dat ŉ persoon wat niks weet wat daar gebeur nie, daar te voorskyn kom en skrik as hy die polisie sien en probeer weghardloop, dan het hulle hom gevang en geslaan.

So, daar was net ŉ paar mense oor? -- Met ŉ paar mense, bedoel u ŉ bietjie mense daar?

Ja, so een of twee of so? -- Die paar mense wat daar was wat ek gesien het het weggehardloop. Wat ek gesien het na daardie paar weggehardloop het is dat ŉ persoon te voorskyn gekom het van anderkant Mphaphathestraat en die persoon het nie geweet wat daar aangaan nie. Toe die persoon geskrik het en wou weghardloop, het hulle hom gevang en geslaan. Met dit het hulle hom gevra hoekom hy wil weghardloop.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u dit gehoor? -- Hulle het mos daar ŉ trok. Ek kon hoor toe die polisie hom vra hoekom hy weghardloop.

Waar was hy toe hy so gevra word? -- Die vragmotor van die polisie was by my omheiningsdraad geparkeer gewees en aan die kant van die kombuisvenster waarvan ek praat. Die venster self is soos volg. Dit is ŉ groot venster wat eenkant nie oopmaak nie. Dit is ŉ soliede vensterruit. Die raam maak wel aan die een kant oop, maar nie heeltemal tot bo nie. Dan het jy ŉ "fan" venstertjie heel bo. Dit is daardie venstertjie wat oop gestaan het. Dit was omdat daardie venstertjie oop was dat ek kon hoor toe hulle met die persoon praat, want hulle het hom ingehaal in Mphaphathe. straat en hom teruggebring na die voertuig toe wat langs my omheiningsdraad geparkeer was.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : So, daar is basies in u sig nadat u padgegee het in die huis in, is daar net een persoon gevang en aangerand? -- Ja, terwyl ek deur die venster se gordyn (lace curtain) gekyk het, want die ander het alreeds gevlug.

MNR. FICK : Is die ander getuienis van u nog reg dat die oggend 08h00 het die polisie ingekom met hierdie klomp vragmotors, vyf-en-twintig na dertig? Was dit nog die oggend 08h00? -- Ja, dit is die waarheid.

HOF : Of was dit die aand? -- Nee, ek praat nie van die aand nie. Ek praat van die eerste voertuie wat daar opgedaag het toe ons hulle vir die eerste keer gesien het.

MNR. FICK : 08h00 voor die polisie nou daar ingekom het in Seeisostraat andersins, privaat voertuie en huurmotors en busse en die goeters? -- Behalwe die polisievoertuie wat daar opgedaag het, was daar geen busse of huurmotors nie. Die plek was doodstil gewees.

Dit is vandat u wakker geword het tot die polisie met die voertuie daar aangekom het? -- Toe die polisie daar gekom het, was daar glad nie ŉ voertuig gewees nie.

Nee, ek praat van vandat u wakker geword het tot die polisie gekom het was daardie Seeisostraat morsdood stil. Daar was nie busse nie, daar was nie taxi's nie, daar was nie privaat voertuie nie? -- Wat die voertuie betref was dit doodstil gewees. Geen bus of ŉ huurmotor het daar gery nie behalwe voetgangers wat vervoer gaan soek het.

U sien, hier het ŉ ander getuie getuig en hy het vir die hof probeer vertel, Khambule, dat die huurmotors en die privaat voertuie het daar normaal beweeg, die verkeer was normaal? -- Nee, ek praat van Seeiso, die gedeelte van Seeiso wat ek kon sien sover ek dit kon gesien het.

Dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dan is daar 'n ander probleem wat ek ook met u getuienis het oor die gebeure van die oggend.

MR BIZOS : If my memory serves me correctly Mr Khambule said that before 06h30.

COURT : I am sorry I cannot remember that.

MR BIZOS : I have this impression. It is informed by the instructing attorney. I am merely putting it. I do not expect a confirmation of this.

MNR. FICK : Ek het dit dat daar nie 'n tyd aangegee is nie.

HOF : Ons kan later kyk daarna.

MNR. FICK : Die ander probleem wat ek het met u getuienis is dat hier het ander persone getuig, soos Khambule en mev. Agnes Dipitso en nie een van hulle het vir die hof vertel dat die polisie het afgeklim en die mense met sambokke gejaag nie? -- Ek praat van wat ek met my eie oë gesien het.

En dan is daar nog 'n derde probleem. Hierdie polisie wat ongeveer 08h00 die oggend gekom het, moes hierdie hof al hoor het gekom met 'n geel "coaster" en geel polisie "vans" soos dit genoem is en 'n beige voertuig. Dit is die mense, die polisie wat af sou gekom het in Seeisostraat en die mense geskiet het hier ongeveer 08h00 die oggend? -- Nee, dit wat ek van praat is dit wat ek gesien het wat plaasgevind het in hierdie gedeelte van Seeiso wat ek kon sien. Wat dan plaasgevind het in Vuka of Rooistene weet ek nie.

Maar dit is die voertuie wat nou daar van u af gekom het Putsoastene, is die getuienis? -- Wat ek gesien het in Seeisostraat is dit wat ek nou net beskryf het. Daar is natuurlik baie paaie, maar van hierdie voertuie het in verskillende strate gery.

HOF : Is dit nou die polisievoertuie? -- Ja, die polisie

se/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

se vragmotors en ŉ bus wat "mustard" en blou is van kleur. Dit het siwwe aan die kante.

Laat ek net duidelikheid kry. Het die polisievoertuie nie afbeweeg in Seeisostraat dwarsdeur nie? Sê u hulle het afbeweeg van Seeisostraat af in die dwarsstrate in? -- Die voertuie, toe hulle die lokasie binnegekom het te Sharpeville het hulle in Seeisostraat gery. Hulle het aangery gekom tot in die nabyheid van Mphaphathe nadat ons in die huise ingehardloop het. Die vragmotor, die een wat ek sê is beige en die geel met die "mustard" en blou het ŉ persoon gevolg wat afgedraai het van Seeiso af in ŉ ander straat. Dit is die persoon wat ek sê wat die mense ingehaal het en teruggebring het.

MNR. FICK : Nou is daar ŉ ander probleem nog. Mev. Agnes Dipitso bly so drie strate van u af bykans langs Seeisostraat. Sy sê weer die polisie wat daar 08h00 in die oggend gekom het en die moeilikheid gemaak het, het gekom met donkergroen hippo's? -- Die voertuie wat ek gesien het, is die kleur van my voorarm.

HOF : Dit is bruin. Weet u wat is ŉ hippo? -- ŉ Hippo? Dit is die soldate se voertuie.

Ja? Weet u hoe lyk hulle? -- Bedoel u nou die kleur of die vorm daarvan?

Die vorm? -- Dit is hoog, dit het ŉ groot opening heel bo aan die agterkant van die bak. Daar is ŉ yster tussen die twee mense wat langs mekaar is. Dit wil sê daar is ŉ ry mense aan die eenkant en ŉ ry mense aan die ander kant.

Hoe lyk hy onder? Is hy plat of met ŉ V? -- Hy is net so

Ja, met ŉ V. Is dit daardie voertuig, ŉ hippo, wat u gesien het die oggend of was dit ander voertuie? -- Daar

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was baie van die goed. Hulle is so snaaks. Die hoë een wat ek nou net beskryf het, het ek gesien. Daar was nog een wat heeltemal toe was hier bo.

Ja-nee, ek wil net weet, u het gemeld van twintig na vyf-en-twintig voertuie wat daar ingekom het. Ek wil net weet of dit hippo's was? -- Ja, dit is dié wat ek sê wat hippo's was.

MNR. FICK : U sê die voertuie wat u gesien het was vyf-en-twintig na dertig van hulle?

MNR. BIZOS : Dit is twintig tot vyf-en-twintig.

HOF : Twintig tot vyf-en-twintig.

MNR. FICK : Ek is jammer, dan het ek verkeerd gehoor. -- Ja, dit is toe hulle nog daar by die kantoor ingekom het, want hulle is hoog.

Behalwe hierdie een voertuig wat u beskryf het wat die seun gaan haal het wat daar in u straat afgehardloop het, die een man, het u enige ander voertuie van die polisie gesien wat afgedraai het in die systrate in? Dit is nou vanaf Seeisostraat? -- Ek het 'n ander een gesien wat uit Church Avenue gekom het om in Seeisostraat in te draai. Dit het in Seeisostraat ingedraai en saam met die ander opgery

Is dit nou die klomp wat u ongeveer 08h00 die oggend gesien het? -- Ja, dit is dié wat ek van praat van die soldate

Na hierdie voorval wat u deur u kombuisvenster gesien het wat daar gebeur het toe die polisie daardie een man gevang het en teruggebring het, wat het u verder op hierdie dag van 3 September gesien? Wat is die volgende buitengewone ding wat u gesien het wat nie normaalweg gebeur nie? --Ek het die geluid van die skiet van 'n vuurwapen gehoor. Dit het aangehou vir verskillende klapskote wat ek gehoor het

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en dit was terwyl die twee seuns geskiet word.

Ons sal dit netnou uitpluis. Hoe laat het u hierdie skote gehoor? -- Dit was na 09h00, om en by 09h00.

Kon u hoor of die skote geskiet word in Seeisostraat of was dit weg van Seeisostraat af waar die skote geskiet was? -- My huis is 'n hoekhuis. Agter my is daar 'n huis. Daardie straat van daardie hoekhuis is Shishi. Dit was in die omgewing van die huis agter my langs hom by die hek waar hierdie skote geklap het.

Het u gesien wie die skote skiet met u eie oë? -- Ek het nie gesien nie. Ek het net die mense gehoor skreeu "Jô". Later is ek toe uit om te gaan kyk wat gebeur. Ek gaan toe na daardie huis toe en vind dat een van die seuns alreeds dood is.

Net ja of nee. Met ander woorde, is dit reg, u kan nie sê onder watter omstandighede hierdie seun geskiet is nie? -- Nee, ek het net die skote gehoor klap.

U sê dit was na 09h00. Hoe lank na 09h00? Voor 12h00

HOF : Dit was ongeveer 09h00 het sy gesê. Sy het eers gesê na 09h00 en toe het sy gesê ongeveer 09h00.

MNR. FICK : Na hierdie voorval, wat is die volgende buitengewone ding wat u gesien het op 3 September? -- Na die skiet van die twee seuns?

Ja? -- Die mense daar het begin skreeu dat hulle nou nie verstaan wat daar gebeur nie, want mense word geslaan, hier is dit nou dat die kinders doodgeskiet is. Wat is eintlik die moeilikheid? Wat gaan nou hier aan?

Kom ek vra u dan so om. Na u by die huis was waar die twee seuns was, is u terug na u huis toe? -- Ek is terug na my huis toe. Op pad huis toe het ek opgemerk dat mense

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nou self begin optree in selfverdediging deur klippe te gooi. Ek het nie verder gesien na dit nie. Ek is net in die huis in, want ek moes vir die kind behandeling gegee het. Dit wil sê pille gee. Die rede daarvoor was dat die kind alreeds begin het om op te bring as gevolg van die traangas wat die kind affekteer het. Om by die huis te kom het ek nie om die straat geloop nie. Ek het deur die omheiningsdraad geklim in die nabyheid van die latrine.

Hoe laat was dit toe u nou terug is na die huis toe? -- Ek was nie lank gewees daar nie. Dit kan wees dat dit om en by 10h00 of net na 10h00 was, maar ek het nie lank vertoef daar nie.

Waar sien u word daar klippe gegooi? -- Hulle was besig om die polisie met klippe te gooi. Hulle het gesê hulle weet nie waarom hulle ons so aanrand en waarom hulle dit doen nie. Ek is toe in die huis in, want die kind was al besig om op te bring. Ek het in die huis gebly.

Nou het u nog nie vir my gesê waar gooi hulle die klippe nie? --Uit Shishistraat uit in Seeiso in was die gooiery van klippe.

<u>HOF</u> : Laat ons net duidelikheid kry. Is Shishi 'n straat wat Seeisostraat kruis? -- Ja, dit is Mphaphathe en dan Shishi Beide kruis Seeiso.

Soos u wys lyk dit vir my asof Shishi die straat net oos van Mphaphathestraat is? -- Ja.

<u>MNR. FICK</u> : Was die polisie in Seeisostraat en die mense wat die klippe gegooi het in Shishistraat? -- Dit is toe die mense teruggekom het vanaf daardie huis waar hulle na die lyk gaan kyk het en uit Shishi in Seeiso in, dit wil sê in die rigting van my huis gestap. Dit is waar hierdie

voorval/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voorval van die klipgooiery plaasgevind het.

Hoeveel mense was daar besig om klippe te gooi? -- Hulle was baie. Ek kon hulle nie tel nie.

Was hierdie baie dan by die huis waar die twee seuns was? -- By daardie huis was hulle nie so baie nie. Ek het opgemerk dat die mense ook van ander rigtings af gekom het met die strate en toe het ek aan myself gesê dat ek nou die seuns gesien het wat beseer was. Dit is mense wat ek ken en toe het ek besluit om huis toe te gaan.

Hoe ver is u weg verby hierdie klomp klipgooiers na u huis toe? -- Die toilette staan langs mekaar van die persele daar agter die standplase. Ek het deur daardie omheiningsdraad wat die grens vorm van die standplase in die nabyheid van die toilette geklim om by my huis uit te kom, want dit is toe hulle begin het om die voertuie daar met klippe te bestook dat ek besluit het dat ek nou gaan loop.

Het u met enigeen van hulle gepraat toe hulle begin klippe gooi het of met klippe gegooi het of nie? -- Nee, ek het met niemand daar gepraat behalwe die oorledene se suster nie.

Die voertuie wat hulle met klippe gegooi het, wat se voertuie is dit? -- Dit is die soldate se voertuie wat met klippe bestook is. Ek het toe besluit om in die huis in te gaan en die huis te sluit van die binnekant af.

Hoe lank het hierdie klipgooiery nou daar aangegaan? -- Toe was dit net daar gemors gewees vir die hele dag.

Was dit toe van ongeveer 10h00 af vir die hele dag chaos daar? -- Ja, dit was deurmekaar gewees, want die mense het daaroor gekla dat hulle nie weet hoekom word hulle geslaan nie.

Het u op enige stadium in Seeisostraat padversperrings

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien dat die mense klippe uitpak en karre omkeer en karre aan die brand steek? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Nie naby nie.

Tot wanneer het hierdie klipgooiery nou aangegaan in Seeisostraat en Shishistraat? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar tot laat in die nag. Ek sal u sê niks was toe lekker gewees na die mense die lyk van die persoon gesien het wat doodgeskiet was nie.

Op watter stadium het die polisie toe nou weer daar gekom na u toe? -- Laat die middag of die aand het die polisie weer daar teruggekom. Die omstandighede was soos volg. Mense wat die polisie gejaag het daar wat weggehardloop het, het deur my perseel gehardloop, as gevolg waarvan die polisie op my garage, die waenhuis geskiet het. Toe daardie voorval plaasgevind het dat hulle die garage geskiet het, het ek die klein kind van my gehad wat ek ge-abba het. Met die kind het ek op die vloer gaan lê. Terwyl ek so gelê het, het hulle toe die voordeur oopgeskop. Daarna het hulle die huis binnegekom en toe my sustertjie begin slaan.

Die mense wat deur u perseel gehardloop het, u weet nie wat het hulle aangevang dat die polisie hulle gejaag het dat hulle deur u perseel gehardloop het nie? -- Dit was mense wat op die hoeke van die strate gestaan het en op daardie stadium was dit al donker gewees. Die mense wat daar op die hoeke was was besig om te baklei, want hulle het geskreeu ook.

En dit is in hierdie donker wat die polisie geskiet het en toe tref hulle u motorhuis? -- Ja, dit was op die stadium wat hulle geskiet het en die mense daar uiteen gegaan het en die polisie het toe die indruk gekry dat hulle miskien in daardie huis in was.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het daar nie van hulle in die huis in gekom wegkruip nie? Het daar nie van hulle in die huis gehardloop nie? -- Nee, niemand van die mense wat gevlug het, het in die huis ingekom nie, want die polisie het die deur oopgeskop. Ons was bang om oop te maak. Toe hulle daar ingekom het, vind hulle dat ek, my ouma, my sustertjie en my oom tesame met my kinders die enigste persone was in die huis.

Dit is ook soos u sê, u wou nie oopmaak vir die polisie nie en toe skop hulle die deur oop? -- Ja, dit is 'n plankdeur. Ek was bang.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : En die loseerder, waar was hy? -- Sy was in die garage gewees. Toe dit so geskiet was was sy ook bang om uit te kom.

<u>HOF</u> : Woon sy in die garage? -- Wie is dit? Sussie?

Die loseerder? -- Ja, sy woon in die garage. Eintlik is dit 'n garage en 'n kamer.

<u>MNR. FICK</u> : Daar is een aspek wat ek nog net wil opklaar. U het in u hoofgetuienis ook gesê dat u het gesien dat daar mense hardloop van Sekobane se huis af en hulle praat van Sekobane se huis is aangeval. -- Daar is twee Sekobane's daar in daardie omgewing. Daar is 'n Sekobane wat in Shishi-straat bly net hier onder. Die mense het vanaf daardie rigting van hierdie Sekobane, die jong Sekobane gekom en gehardloop. Op hierdie stadium het hulle gesê dat Sekobane se huis aan die brand was.

Die raadslid Sekobane, weet u waar hy bly? -- Ja, maar dit is ver van daar af.

Is hierdie Sekobane wat u van praat familie van die raadslid Sekobane? -- Ja, hulle is broers. Die een, die jong Sekobane is die jongste broer van Sekobane die raadslid.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die huis wat aan die brand was, was eintlik oorspronklik raadslid Sekobane se ouers se huis wat deur sy jonger broer daar gebruik word.

Die jong Sekobane wat u van praat, is dit die Michael Mbuti Sekobane? -- Ja, dit is Mbuti Sekobane.

Die Mbuti Sekobane, het in die hof getuig en hy het gesê die voorval het plaasgevind net na 07h00 die oggend? -- Ek het daarvan gehoor om en by 09h00 maar voor 12h00. Iewers tussen 09h00 en 12h00.

HOF : Sê vir my, Mbuti Sekobane het gebly in Shishistraat en hoe ver is dit nou van u af? Ek weet dit is die volgende straat, maar hoe ver af in Shishistraat? -- Dit is 'n hoekhuis vanaf Shishi.

Hoe ver van Seeiso af? -- Vanaf die hoek van Shishi en Seeiso in Shishistraat die eerste hoek wat 'n mens kry, is waar Mbuti Sekobane se huis geleë is.

MNR. FICK : Kan ek dalk probeer help.

HOF : Dit help nie dat u my help nie. Dit moet op rekord behoorlik wees.

MNR. FICK : Ek wil by die getuie probeer uitvind. Die straat aan die suidekant van Seeisostraat, wat parallel loop met Seeisostraat, is dit Khabashianestraat?

MR BIZOS : My attention is drawn to the fact that it is already marked as number 24.

COURT : Yes, you are quite right. It is on the corner of Sobuza Street then. -- Ja, dit is Sobuzastraat.

MNR. FICK : Is dit nie so nie dat hierdie voorval het hier by 07h00 se kant die oggend van 3 September 1984 - is hierdie huis al aangeval met klippe en is hy aan die brand gesteek? -- Nee, dit was na 09h00 gewees. Dinge was baie sleg

gewees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees daar. Ek het gehoor van die mense om en by daardie tyd dat Sekobane se huis aan die brand was. Ek het by die deur gaan staan van my huis. As ek daar staan staan ek hoog. Ek kon die rook sien.

MR BIZOS : I think that the evidence which is being referred to is not referred to correctly. I have a note from someone who remembers the evidence a little better than I do and it has been proved quite correct up to now. That Mr Mbuti Sekobane gave evidence not about the house that he was living in, but the house that his brother, the councillor, was living in where he was doing some duty and that was what was attacked at 07h00, not his own house.

COURT : I remember that he gave evidence about the councillor's house. I cannot remember what he said about his own house.

MR BIZOS : I do not think he gave evidence about that.

COURT : If it was not relevant, why did we mark it on the map?

MR BIZOS : No, this marking was afterwards, because of the defence witnesses gave evidence about this and this number 24 came late in the day, this marking as a result of this sort of discussion where again there was this confusion and they said no, there is another Sekobane house and that is why we marked it rather late.

COURT : Very well. Let us just clear it up with this witness U het gesê dat Mbuti Sekobane se huis aan die brand was en dit het u gehoor om 09h00 en u het rook gesien in sy rigting? -- Ja, ek het toe rook gesien in daardie rigting en toe besef dat dit nou sleg was.

MR BIZOS : I have a clarification. Nozipho Mjeza was

asked/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

asked about it. She saw this and the Sekobane discussion was on and then we marked it as another Sekobane house.

COURT : Well, I cannot remember what happened to the first Sekobane's house. It seems to me that Mbuti Sekobane's house was on fire at some stage.

MR BIZOS : The evidence in relation to that is that it is 07h00, not this one that Mjeza has spoken about.

MNR. FICK : Ek sal dit nog uitklaar. Hierdie voorval by die huis van Mbuti Sekobane, hoe moet 'n mens dit plaas in verband met die twee seuns wat u in Shishistraat gekry het wat die een reeds oorlede was? Was die voorval by Sekobane se huis eerste en toe is u na hierdie huis toe waar u die twee seuns gekry het of is dit anders om? -- Eers na ek na die seuns gaan kyk het toe ek teruggkeer het by hierdie huis het ek eers daarvan gehoor dat mense sê Sekobane se huis is aan die brand. Ek het toe by my deur gaan loer en toe opgemer dat daar rook was.

Hier ongeveer 06h55 na 07h00 op 3 September 1984 het u niks buitengewoons gehoor daar in die omgewing van Holoane-straat se kant daar waar die skole is nie? -- Watter een is Holoane nou? Is dit voor 'n mens by die skole kom?

Korrek?

HOF : Nee, is dit korrek? Holoane is net anderkant die skole -- Nee, ek het niks gehoor nie.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel dat u getuienis oor wat daardie oggend gebeur het is nie die waarheid nie. Ek wil dit aan u stel daar was van vroeg op 3 September 1984 padversperrings in Seeisostraat? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Daar was aanvallery en klipgooiery op die polisie? -- Eers na hulle daardie seun doodgemaak het, het dit begin.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel dat toe die polisie daar aangekom het en gepatrolleer het, was die aanvalle reeds op die polisie? -- Nee, hulle het die eerste begin om met die mense daar te baklei.

Ek wil by u vasstel, was daar op 3 of 4 September 1984 enige padversperrings in Seeisostraat daar in u omgewing? -- Nee, op die 3de het ek nêrens gesien dat daar padversperrin was nie.

En die 4de? -- Ek het niks gesien nie, want ek het die hele tyd nou in die huis gesit, my kind was ernstig siek. Ek wou vervoer gehad het om die kind na Baragwanath toe te neem.

Ek stel dit aan u dat u getuienis dat die polisie vir geen rede hoegenaamd sal begin traanrook skiet op die mense is vals? -- Ek het hulle gesien toe hulle die mense slaan wat op pad was werk toe.

Ek wil ook aan u stel u maak u eie afleidings in die hof. Die mense wat u daar ver sien loop het in Seeisostraat maak u die afleiding hulle is op pad werk toe. Dit is u eie afleidings. U het geen getuienis daaroor nie? -- Nee, dit is nie 'n afleiding nie. Ek het die mense daar gesien verby gaan. Hulle is by my verby. Hulle sê vir my daar is nie vervoer nie. Hulle stap toe aan.

Hoeveel mense het dit vir u gesê? -- Masintle, haar ouma, my oom en nog ander mense wat daar verby is.

Nou maak u die afleiding dat almal wat daar in Seeisostra was wat u van praat is op pad werk toe? -- Ek sê nie almal nie. Daar was van die mense wat net daar gestaan en kyk het en wat verbaas was oor wat daar gebeur.

Het u gesien toe Kolisang se motorhawe aangeval is? --



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, ek kan dit nie sien nie, want dit is om die hoek. Ek kan net die voertuie sien wat die hoek daar vat, maar ek kan nie die garage self sien nie.

U het nooit gesien dit brand daar nie? -- Ek het rook gesien. Later het mense vir my gesê dat die plek aan die brand was.

Hoe laat was dit gewees? Watter datum? -- Ek kan nie meer so goed onthou of dit die 3de was en of dit die 4de was nie.

Die mense wat by u verbygekom het nadat hulle vir u gesê het Sekobane se huis brand, Mbuti Sekobane se huis brand, het hulle vir u gesê hoekom die plek aan die brand gesteek is? -- Nee, hulle het nie gesê nie, want hulle het net daar verby gehardloop en gesê "Jô, Mbuti Sekobane se huis is alreed gebrand."

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE.</u>

- - - - - - - - - - - -

K1247 <u>ROSELINA MBONANI</u>, d.s.s. (Through interpreter)

<u>MR BIZOS</u> : She will give evidence in relation to the funeral of 8 September 1984 in Daveyton. Mr Fourie gave evidence in relation to that.

<u>EXAMINATION BY MR BIZOS</u> : Mrs Mbonani, are you a 46 year old widow living at 8147 Khwalo? -- Yes.

And are you the mother of six children? -- Yes.

<u>ASSESSOR (MR KRUGEL)</u> : Is it Khwalo Street?

<u>MR BIZOS</u> : Where is Khwalo? -- It is Khwalo Street.

<u>COURT</u> : Where is it situated? -- It is in Daveyton.

<u>MR BIZOS</u> : What standard of education did you have formally? -- Sub B.

Did/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Did you try and study on your own afterwards? -- Yes.

Was Isaac Mbonani your son? -- Yes.

Was he at school in September 1984? -- Yes.

What school was he at? -- Sibonela Higher Primary School.

In Daveyton? -- Yes.

When did you last see Isaac alive? -- On 29 August.

COURT : Of 1984? -- Yes.

MR BIZOS : Did he come back from school on that day? -- Yes, he came back.

And when did he find out that he was no longer alive? -- On 30 August.

Did you identify his body at the mortuary? -- Yes.

After you found out that your son had passed away, were you approached by anyone? -- Yes, in fact this person approach my husband who was alive then.

Do you know who this person that approached your husband was? -- I do not know him personally, but what my husband told me, these were the members of COSAS.

COURT : More than one person? -- They were two.

Was your son a member of COSAS? -- No, that I do not know.

MR BIZOS : As your husband has passed away perhaps we could ask you this. As a result of what your husband told you, was your son going to be buried alone or together with other people? -- He was to be buried together with other people.

COURT : How many others? -- There were three others. He was the fourth person.

What was his age? -- 14 Years.

MR BIZOS : Did you and/or your late husband have any objectio to this happening? -- No, we did not.

Were/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Were you in mourning at this time? -- Yes.

And the discussions that took place with these people and your husband, were these discussions or the details reported to you? -- Yes, my husband kept on informing me about what was happening.

Did you or your husband have objection to any of the arrangements at the meeting? -- No.

His lordship knows that your son's funeral was on 8 September 1984. The night before, was there a night vigil in your house? -- Yes, there was.

Do you mingle with other people at a night vigil as the mother or do you stay apart? -- I stay away from other people where I am all by myself in the bedroom.

At this night vigil could you hear from your bedroom whether many people came to this night vigil? -- Yes, I could hear that.

Did they sing during this night vigil? -- Yes.

Was this night vigil different from any other night vigil that you had attended before this day? -- No.

What songs were sung at this night vigil? -- Church hymns and this one Nkosi Sikilele e Afrika.

Was Senzenia na sung there? -- Yes.

What sort of song is that as far as you are concerned? -- Senzeni na?

Yes? -- This was not the first time that I heard of this, because previously at other night vigils we used to sing that one Senzeni na as one of the hymns of the night vigil.

Do you belong to any church? -- Yes.

Which one? -- ZCC.

Do you ever sing Senzeni na at your church? -- No, not

at/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

at this congregation or church in which I am now, but the previous one, namely the Swedish Alliance Mission we used to sing that.

Was there a service the next morning on the morning of the funeral? -- Do you mean at home?

Yes? -- Yes, from 11h00 to 12h00.

Who conducted the service? -- My ministers from ZCC conducted that.

What are their names? - Dladla and Mahlangu.

After your two ministers conducted the service, did anyone speak at this morning service? -- At home?

Yes? -- Yes, everybody whoever feels like having something say, especially when such a service is held with some death are permitted to do that. That is to sympathise and to sort of make known what they feel in sympathy with the family.

At this service, do you remember who spoke other than the two reverends? -- Is that at home?

Yes? -- No, I do not remember that any more.

Do you remember whether anyone from COSAS spoke? -- Whoever spoke from COSAS was saying whatever was said there by that speaker in sympathising with that family.

COURT : Yes, but now I still do not know whether somebody from COSAS spoke? -- Does that mean at home?

Yes? -- I said in evidence in such a kind of a service, everybody is allowed to speak and say whatever he or she wishes to say in sympathy to the family. So, I do not know whether you want to know specifically about somebody from COSAS?

Yes? -- Yes, there was somebody.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : Did you know this person? -- Not prior to this person making an introduction saying that "I speak on behalf of the school children."

Is that the first time you met him? -- Yes.

Do you recall what he said? -- I cannot recall that except to say that this person also spoke like all the others who were sympathising with the family.

After the service, where did you go to? -- We went to Sinaba stadium which is in Daveyton.

How did you go there? -- On our way to Sinaba stadium I was travelling in a car and the coffin was transported in one Combi which belongs to one of the family members.

COURT : Does it matter, Mr Bizos? Why can we not jump from the house to the stadium? Was there any evidence before court of how they got to the stadium? There was not even evidence on what they did at the house. Now why was it led?

MR BIZOS : Because the way we understood that the evidence was led at all was that because what was said at one or other of the places or what was done along the way, incited people to the subsequent violence and what we are doing is, to actually, not call policemen from the outside, but people from within to say what was said, to say what was happening - what happened in order to try and rebut the suggestion and the allegation that because people buried their dead, violence flowed. That is how we understand the state case, but I take your lordship's point and I will come to the stadium.

Did you get to the stadium? -- Yes.

Were there a number of speakers at the stadium? -- Yes.

Do you remember who some of them were? -- Yes, what I remember happening there, on our arrival at the stadium

the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

the service there was opened by Reverend Nkoane.

Who followed him? -- Then Bishop Tutu was the next.

Anyone else whose name you remember? -- The last person there was Bishop Mkatshwa.

Do you remember what Bishop Nkoane and Bishop Tutu and Bishop Mkatshwa said? -- What I remember is that they said some words quoting from the Bible in sympathising and comforting the family on what had happened.

Either at the vigil or at the morning session, where your own church conducted the service or at the stadium, did anyone call for violence against anybody or anything? -- No.

Did COSAS ... -- (Interpreter : The witness is in fact Ndebele, but she preferred to speak Zulu. So, the Zulu word I used seems to me is not clear to hear. May I just explain to her in her own language?) No.

COURT : If you are not Ndebele, why do you not speak your own language? -- That is because I tell myself that in most cases I am well conversant in Zulu.

You can take it for granted that our interpreter is better conversant in both Zulu and Ndebele, which is very near to Zulu than you are in either. Make your choice. What language do you want to speak? -- We can Ndebele then if that be the case.

MR BIZOS : Did the COSAS people take part in the funeral proceedings at the stadium? -- Like what for instance?

Well, did they - were they present as members of COSAS? -- Yes, they were present.

Did they have anything with them to show that they were from COSAS? -- Like what?

Well/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Well, did you see anything there? -- Like for instance a flag or what are you talking about?

Yes, a banner or a flag? -- Later, yes, at the stadium I did see a flag.

COURT : The COSAS flag? -- I took it to be a COSAS flag.

MR BIZOS : Who was carrying it? Young people or old people? -- Young people.

And from the stadium did you go to the ... (Court intervenes)

COURT : Did any COSAS representative speak at the stadium? -- I do not quite remember. If my memory serves me well, I think there was somebody. I am not sure.

MR BIZOS : And from the stadium where did you go to? -- To the grave-yard.

Did anybody speak at the grave-yard? -- Bishop Tutu again spoke.

Was he the only cleric that spoke or did other speak as well? -- No, he was not the only one. My minister as well also said something.

Did any ministers of any other deceased family speak there? -- I am not quite certain. If I am correct they did speak, because in fact it was not said that some people are not allowed to speak.

Did anyone at the cemetery advocate or incite people to violence against anybody or anything? -- No,, none.

COURT ADJOURNS TILL 17 MARCH 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.